



REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

STAATSKOERANT

GOVERNMENT GAZETTE

OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer

Registered at the Post Office as a Newspaper

R1,00 Prys • Price
R0,10 Plus 10% BTW • VAT

R1,10 Verkoopprys • Selling price
Buitelands **R1,40** Other countries
Posvry • Post free

VOL. 325

KAAPSTAD, 15 JULIE 1992

CAPE TOWN, 15 JULY 1992

No. 14140

KANTOOR VAN DIE STAATSPRESIDENT

No. 1924.

15 Julie 1992

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring gegee het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 137 van 1992: Wysigingswet op die Pensioenskema vir Parlementslede en Politieke Ampsbekleërs, 1992.

STATE PRESIDENT'S OFFICE

No. 1924.

15 July 1992

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 137 of 1992: Members of Parliament and Political Office-Bearers Pension Scheme Amendment Act, 1992.

Wet No. 137, 1992 WYSIGINGSWET OP DIE PENSIOENSKEMA VIR PARLEMENTSLEDE EN POLITIEKE AMPSBEKLEËRS, 1992**ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:**

Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in bestaande verordenings aan.

WET

Tot wysiging van die Wet op die Pensioenskema vir Parlementslede en Politieke Ampsbekleërs, 1984, ten einde lede van die Parlement 'n keuse te bied ten opsigte van sekere pensioenvoordele; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

*(Afrikaanse teks deur die Staatspresident geteken.)
(Goedgekeur op 2 Julie 1992.)*

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident en die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Wysiging van artikel 9 van Wet 112 van 1984

1. Artikel 9 van die Wet op die Pensioenskema vir Parlementslede en Politieke Ampsbekleërs, 1984, word hierby gewysig deur die volgende subartikels by te voeg: 5

“(4) By beëindiging van die lidmaatskap van 'n lid wat nie op 'n pensioen ingevolge artikel 8 of 'n gratifikasie ingevolge artikel 11(1) geregtig is nie, maar wel op 'n pensioen ingevolge subartikel (1) van hierdie artikel en 'n gratifikasie ingevolge artikel 11(2), kan hy kies tussen laasgenoemde pensioen en gratifikasie en die bedrag waarop hy ingevolge artikel 13 geregtig sou wees indien hy nie op 'n pensioen geregtig sou wees nie. 10

(5) 'n Lid wat 'n keuse ingevolge subartikel (4) wil uitoefen, moet dit doen binne ses maande vanaf die datum van inwerkingtreding van artikel 3(1) van die Wysigingswet op die Pensioenskema vir Parlementslede en Politieke Ampsbekleërs, 1992, of, indien sy lidmaatskap daarna beëindig word, die datum van beëindiging daarvan. 15

(6) Indien die betrokke lid kies om 'n bedrag beoog in artikel 13 te ontvang, moet pensioen wat ingevolge subartikel (1) van hierdie artikel en 'n gratifikasie wat ingevolge artikel 11(2) aan hom betaal is, verreken word teen enige bedrag wat soos beoog in artikel 13 aan hom betaalbaar word.” 20

Wysiging van artikel 10 van Wet 112 van 1984

2. Artikel 10 van die Wet op die Pensioenskema vir Parlementslede en Politieke Ampsbekleërs, 1984, word hierby gewysig deur die volgende subartikels by te voeg: 25

“(3) By beëindiging van die lidmaatskap van 'n lid wat nie op 'n pensioen ingevolge artikel 8 of 'n gratifikasie ingevolge artikel 11(1) geregtig is nie, maar wel 'n pensioen en gratifikasie ingevolge hierdie artikel ontvang, kan hy kies tussen laasgenoemde pensioen en gratifikasie en die bedrag waarop hy ingevolge artikel 13 geregtig sou wees indien hy nie op 'n pensioen geregtig sou wees nie. 30